MEDIA RELEASE
by CHRISTIAN DEMOCRATIC PARTY (CDP)

22 APRIL 2011

Bronkhorspruit kragteloos na Eskom krag sny

“Die munisipale verkiesing is besig om vir die ANC in ‘n nagmerrie te ontaard, met die klem op donkerte, nadat Eskom volgens bronne Bronkhorstspruit se krag weens wanbetaling aan dié kragvoorsiener afgeskakel het,” aldus Rdl Richard Botha van die Christen-Demokratiese party (CDP).

“Bronkhorspruit word na die munisipale verkiesing deel van die Tswane-metroraad. Dit beteken nie net dat ‘n dorp, met op datum betaalde inwoners en al, aan die vooraand van ‘n langnaweek sonder krag sit nie, maar dat die land se ekonomie geskaad word dat ook uitvoerfabrieke tot stilstand geknars het.”

“Eskom en die regering sal beter metodes moet vind om wanbetalers in die bek te ruk. Dit druis teen die gees van die grondwet in om ook pligsgetroue betalers te straf oor gelde wat nie gevorder word nie, of wanaangewend word. Indien hier wanaanwending was moet sonder versuim hard teen die oortreders opgetree word.”

Bronkhorstspruit without electricity after Eskom severed supply

“The run up to this municipal election is developing into a nightmare for the ANC, with the focus on 'dark', after Eskom cut off the electricity supply to Bronkhorstspruit as a result of outstanding payments to Eskom,” says Christian Democratic Party (CDP) Councillor Richard Botha.

“Bronkhorspruit will form part of the Tshwane Matro Council after the elections. This does not only mean that the town is without electricity ahead of a long weekend, (up to date payers included) but that the country’s economy is damaged because of the closure of factories that have export contracts.”

“Eskom and the government will have to come to another solution for non-payments, as it is clearly in contravention of the spirit of the constitution to apply collective punishment on payment makers and those who do not pay, or those who squandered or mismanaged the funds. If funds had been mismanaged, there needs to be harsh reprisals for the guilty parties.”